Jeremia en Klaagliedere

Reis deur die Bybel

Collage Gemeenskapskerk

Agtergrond

- Jeremia is die tweede langste boek in die Bybel
- Jeremia staan bekend as die *huilende profeet* – hy treur oor afvalligheid van God se volk en vernietiging van Jerusalem
- In Jeremia lees ons van die profeet se stryd om die boodskap van God by die mense tuis te bring
- In Klaagliedere toon hy sy hartseer oor die vernietiging van Jerusalem en die ballingskap na Babilon

Jeremia: Historiese agtergrond

- Jeremia was die seun van ‘n priester, Hilkia wat 5km Noord van Jerusalem gewoon het
- In plaas van priester te word soos sy pa, word Jeremia tot profeet geroep
- Sy roeping was om Juda te waarsku oor sy sonde en God se oordeel
- Jeremia het baie vervolging gely – gevangenisskap, poging tot moord, slae, beskuldigings van verraad

Jeremia: Agtergrond

- Jeremia se bediening oor 40 jaar het begin onder koning Josia
- Nadat Josia in ‘n oorlog teen Egipte se koning Nego gesterf het, het afvalligheid van Juda toegeneem
- Koning Josia se seun Jehoagas was slegs 3 maande koning toe hy deur koning Nego gevange geneem is en nie verder kon regeer nie (2 Konings 23)
- In 605VC neem Babilon Jerusalem in en eerste groep Judeërs word na Babilon toe gevoer



Copyright © 1991, 1994 RW Research, Inc. Rose Publishing, Inc. 4733 Torrance Blvd., #259, Torrance, CA 90503. All rights reserved. Printed in the U.S.A. www.rose-publishing.com 181010CDS Ninth Edition

Ancient cities and empires did not necessarily exist at the same time.

Middle East: Then and Now 301X (unlaminated) 301X (laminated)

Jeremia: Inhoud

- Na Jehoagas volg konings Jojakim, Jojakin en Sedekia kort op mekaar
- Jojakin rebelleer en die tweede groep word weggevoer na Babilon in 597VC
- Sedekia rebelleer teen Babilon en die derde wegvoering van Judeërs vind plaas wanneer Nebukadnesar Jerusalem weer aanval
- Vir die res van die geskiedenis van Juda was daar nooit weer ‘n koning uit die geslag van Dawid nie

Jeremia: Geskiedenis

Jeremia se bediening kan in 3 fases opgedeel word:

1. 627-605 VC Het hy geprofeteer terwyl Juda deur Assirië en Egipte bedreig is.
2. 605-586 VC Het hy geprofeteer gedurende Babilon se aanvalle op Juda
3. 586-580 VC Het Jeremia in Jerusalem en Egipte profeties bedien na die val van Juda

Jeremia: Doel

Doel van Jeremia:

- Jeremia bewys God se liefdevolle geduld met Juda se sonde
- Juda weier om te “repent” en dit bring God se oordeel
- Jeremia bring ook die belofte van die restourasie van die getroue oorblyfsel wat sou terugkeer
- Juda het nie teruggekeer nie maar die boek is ‘n rekord van God se getrouheid gedurende die laaste dae van Juda

Jeremia

Oorsig van Jeremia:

- Jeremia is nie kronologies nie: Volgorde oor tyd as volg volgens hoofstukke:
  - 1, 7, 11-13, 26, 25, 236, 29, 20, 27-28, 32, 37-38, 39 & 52, 40-41, 42-43
- Die res van die hoofstukke bevat boodskappe van God aan Sy mense – wat hulle grotendeels geïgnoreer het

Jeremia: Struktuur

Struktuur van Jeremia:

- Jeremia se roeping:
  - Jeremia al voor sy geboorte geroep tot profeet
  - Jeremia sê hy is te jonk om die roeping te aanvaar maar God gee 3 tekens:
    - ✔ God raak sy mond aan en gee die woorde (Jer 1:9-10)
    - ✔ God gee visioen van amandelboom en sê Hy kyk na die vervulling van Sy Woord (Jer 1:11-12)
    - ✔ Gee Jeremia ‘n visoen van ‘n kokende pot wat omkeer as teken van komende oordeel (Jer 1:13-14)

Jeremia: Temas

Struktuur van Jeremia

- Juda se ontrouheid aan die Verbond (Jer 2-10)
- Jeremia se stryd met God en met Juda (Jer 11-12)
- Jeremia se konfrontasie met Juda se leiers en profete (Jer 21-29)
- Belofte van toekomstige restourasie (Jer 30-33)

Jeremia

Struktuur van Jeremia (vervolg)

- Jerusalem se laaste dae (Jer 34-45)
- Profesië aan ander nasies (Jer 46-51)
- Die val van Jerusalem soos oorvertel (Jer 52 en 39 en ook 2 Konings 24-25)
- Die boek Jeremia eindig op ‘n noot van hoop:
  - Koning Ewil-Merodag laat Juda se koning Jojakin vry en hom geëer met meer as ander konings in Babel
  - Eet aan Ewil Merodag se tafel en ontvang onderhoud

Jeremia

Profetiese regsgeding van Jeremia:

- Dagvaarding aan oortredende party (Jer. 2:4).
- Herinnering aan God se goedheid aan Juda (Jer. 2:5-7).
- Beskuldigings teen Israel (Jer 2:9-13)
- Roep van getuies teen Juda (Jer 2:12)
- Weeklaag oor Juda se ontrouheid (Jer 2:31-32)
- Belofte van restourasie as Juda bekeer (Jer 3:13-17)

KLAAGLIEDERE

Reis deur die Bybel

Collage Gemeenskapskerk

KLAAGLIEDERE

Agtergrond:

- Skrywer van Klaagliedere heel waarskynlik Jeremia
- Geskryf na die val van Jerusalem – die hooftema van die boek
- Geskryf net voordat Jeremia as gevangene weggevoer is na Egipte
- Bestaan uit 5 gedigte wat vernietiging van Jerusalem betreur – Jeremia se persoonlik hartseer

KLAAGLIEDERE

Digkuns in Klaagliedere:

- Al die hoofstukke behalwe Hfst 5 in die vorm van akrostiek
- In hfst 1, 2 en 4 begin elke woord met agtereenvolgende letters van die Hebreeuse alfabet bv alef, bet, gimel, dalet, ens
- Klaagliedere 3 het 66 verse gedeel in 3 groepe van 22 verse elk om struktuur te gee aan Jeremia se hartseer

KLAAGLIEDERE

Doel van Klaagliedere:

Jeremia kyk vorentoe (Waarsku)

VAL VAN JERUSALEM

Klaagliedere kyk terug (Rou)

TWEE PERSPEKTIEWE TEN OPSIGTE VAN DIE VAL VAN JERUSALEM

Jeremia: Struktuur

Die boodskap van Klaagliedere

- Die boodskap vorder van rou tot gebed
- Die teologie is in lyn met die ontrouheid in Konings en Jeremia
  - Die mense se sonde (Kla 1:18)
  - Valse profete en priesters (Kla 4:13)
- Klaagliedere 3 gaan oor rou vir Jerusalem maar lei ook die tema van God se genade in
- Klaagliedere 3:19-39 reflekteer God se goedheid en liefde

Jeremia en Klaagliedere vandag

Jeremia vandag

- Baie predikers preek “prosperity” maar volgens Jeremia se temas verwyder dit nie swaarkry nie
- Boodskap is dat getrouheid aan God se boodskap bring opoffering:
  - Jeremia ly baie swaar as hy God se roeping gehoorsaam
  - Jesus ly agv Sy gehoorsaamheid aan Vader se plan
- Jeremia 29:11 moet gelees word binne konteks van die komende ballingskap na Babilon

Jeremia vandag

- Sien Jeremia 29:11 in konteks van v. 13
- God se plan is goed, maar dit vrywaar ons nie van lyding nie
- Ook vandag is God se plan goed, maar dit gaan dikwels met lyding gepaard
- Selfs in lyding is God getrou aan Sy kinders (1 Kor 10:13)

Jeremia

- **Klaagliedere 3:22** *Get. dit is die goedertierenhede van die HERE dat ons nie omgekom het nie, want sy barmhartighede het geen einde nie; 23 hulle is elke môre nuut; u trou is groot*.
- **Lamentations 3:22** *Because of the LORD's great love we are not consumed, for his compassions never fail. 23 They are new every morning; great is your faithfulness*.

Jeremia se bediening

Nuwe Testament:

- Jeremia word dikwels in die Nuwe Testament aangehaal: Openb 18 word hy 3 keer aangehaal
- Daar is baie parallelle tussen Jeremia en Jesus se bedieninge
  - Bv Jesus het geween oor Jerusalem en het die vernietiging van die tempel voorspel
  - Toe Jesus die tempel gereinig het, het hy soos Jeremia, verwys na ‘n “rowersnes/spelonk”
  - In Rom 9 gebruik Paulus die taal van Jeremia in die oproep van die heidene na saligheid

Jeremia en Klaagliedere

- Die beloftes in Jeremia dui op wat Jesus Christus gedoen het ter vervulling
- Die beloftes dui ook op die toekomstige restourasie van God se mense in hul verhouding met God
- Hierdie restourasie van die verhouding is nie volledig vervul in Israel se geskiedenis nie
- Deur Jesus se dood en opstanding is restourasie gebring in en deur die kerk

Jeremia en Klaagliedere vandag

Jeremia se boodskap is positief, maar vervulling kom deur swaarkry

God is getrou. Hy sal nie toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; as die versoeking kom, sal Hy ook die uitkoms gee, sodat julle dit kan weerstaan

1 Korintiërs 10:13